# OFFICIAL GAZETTE

## OF SOUTH WEST AFRICA

# OFFISIËLE KOERANT

## VAN SUIDWES-AFRIKA

UBLISHED BY AUTHORITY — UITGAWE OP GESAG

:0.30 — Tuesday 1 September 1987 — WINDHOEK — Dinsdag 1 September 1987 — No. 5427

CONTENTS:

*Page*

**:OVERNMENT NOTICES**

| | | |
|---|---|---|
| o. 140 | Notification of appointment of members of the Board of the South West African Broadcasting Corporation | 2 |
| o. 141 | Withdrawal of declaration of area as private game park | 2 |
| o. 142 | Declaration of area as a private game park | 3 |
| o. 143 | Price Control: Maximum prices of fresh full cream milk: Amendment of | 3 |
| o. 144 | Agronomic Industry Proclamation, 1985: Amendment of a general levy on certain categories of seeds of the agronomic crops wheat, maize and sunflowers, and on certain products thereof. | 3 |

**;ENERAL NOTICES**

| | | |
|---|---|---|
| No. 184 | Municipality of Karasburg: Amendment of Location Regulations | 4 |
| No. 185 | Municipality of Karasburg: Amendment of Water Supply Regulations | 5 |
| No. 186 | Municipality of Keetmanshoop: Amendment of the Regulations for the Supply of Electricity | 5 |
| No. 187 | Municipality of Okahandja: Amendment of Native Location Regulations. | 6 |
| No. 188 | Municipality of Windhoek: Amendment of Swimming Bath Regulations | 7 |


INHOUD:

*Bladsy*

**GOEWERMENTSKENNISGEWINGS**

| | | |
|---|---|---|
| No. 140 | Bekendmaking van aanstelling van lede van die Raad van die Suidwes-Afrikaanse Uitsaaikorporasie | 2 |
| No. 141 | Intrekking van verklaring van gebied tot private wildtuin | 2 |
| No. 142 | Verklaring van gebied tot private wildtuin | 3 |
| No. 143 | Prysbeheer: Maksimumpryse van vars volroommelk: Wysiging van | 3 |
| No. 144 | Proklamasie op die Akkerboubedryf, 1985: Wysiging van 'n algemene heffing op sekere kategorieë sade van die akkerbougewasse koring, mielies en sonneblomme, en op sekere produkte daarvan | 3 |

**ALGEMENE KENNISGEWINGS**

| | | |
|---|---|---|
| No. 184 | Munisipaliteit Karasburg: Wysiging van Lokasieregulasies | 4 |
| No. 185 | Munisipaliteit Karasburg: Wysiging van Regulasies betreffende die Lewering van Water | 5 |
| No. 186. | Munisipaliteit Keetmanshoop: Wysiging van die Regulasies op Elektrisiteitsverskaffing | 5 |
| No. 187 | Munisipaliteit Okahandja: Wysiging van Inboorlinglokasieregulasies | 6 |
| No. 188 | Munisipaliteit Windhoek: Wysiging van Swembadregulasies | 7 |

# Government Notices

DEPARTMENT OF GOVERNMENTAL AFFAIRS

No. 140 1987

NOTIFICATION OF APPOINTMENT OF MEMBERS OF THE BOARD OF THE SOUTH WEST AFRICAN BROADCASTING CORPORATION

In terms of section 4(5) of the Broadcasting Act, 1976 (Act 73 of 1976), notice is hereby given that the Cabinet has under section 4(2) of the said Broadcasting Act, 1976, appointed the following members to the board of the South West African Broadcasting Corporation for the period ending on 30 April 1990:

Pieter Jacobus Venter
Hans Daniël Namuhuya
Johannes Jakobus Horne
Victorine Kaura

---

DEPARTMENT OF AGRICULTURE AND NATURE CONSERVATION

No. 141 1987

WITHDRAWAL OF DECLARATION OF AREA AS PRIVATE GAME PARK

In terms of section 22(4)(b) of the Nature Conservation Ordinance, 1975 (Ordinance 4 of 1975), it is hereby made known that the Cabinet has under section 22(4)(a) of the said Ordinance withdrawn the declaration as a private game park of the area described in Government Notice 59 of 1986 and to which the name Marnico Private Game Park was allotted.

---

# Goewermentskennisgewings

DEPARTEMENT VAN OWERHEIDSAKE

No. 140 1987

BEKENDMAKING VAN AANSTELLING VAN LEDE VAN DIE RAAD VAN DIE SUIDWES-AFRIKAANSE UITSAAIKORPORASIE

Ingevolge artikel 4(5) van die Uitsaaiwet, 1976 (Wet 73 van 1976), word hierby bekend gemaak dat die Kabinet kragtens artikel 4(2) van genoemde Uitsaaiwet, 1976, die volgende lede in die raad van die Suidwes-Afrikaanse Uitsaaikorporasie aangestel het vir die tydperk wat eindig op 30 April 1990:

Pieter Jacobus Venter
Hans Daniël Namuhuya
Johannes Jakobus Horne
Victorine Kaura

---

DEPARTEMENT VAN LANDBOU EN NATUURBEWARING

No. 141 1987

INTREKKING VAN VERKLARING VAN GEBIED TOT PRIVATE WILDTUIN

Ingevolge artikel 22(4)(b) van die Ordonnansie op Natuurbewaring, 1975 (Ordonnansie 4 van 1975), word hierby bekend gemaak dat die Kabinet kragtens artikel 22(4)(a) van genoemde Ordonnansie die verklaring tot 'n private wildtuin van die gebied geskryf in Goewermentskennisgewing 59 van 1986 en waaraan die naam Private Wildtuin Marnico toegeken is, ingetrek het.

---

## DEPARTMENT OF AGRICULTURE AND NATURE CONSERVATION

No. 142 1987

### DECLARATION OF AREA AS A PRIVATE GAME PARK

In terms of section 22(1)(b) of the Nature Conservation Ordinance, 1975 (Ordinance 4 of 1975), it is hereby made known that the Cabinet has under section 22(1)(a) of the said Ordinance declared the farms Evare 265 and Meyerville 825, both situated in the district of Gobabis and measuring 3545, 5755 and 6521, 5068 hectares respectively, as a private game park under the name Oroana Private Game Park.

## DEPARTEMENT VAN LANDBOU EN NATUURBEWARING

No. 142 1987

### VERKLARING VAN GEBIED TOT PRIVATE WILDTUIN

Ingevolge artikel 22(1)(b) van die Ordonnansie op Natuurbewaring, 1975 (Ordonnansie 4 van 1975), word hierby bekend gemaak dat die Kabinet kragtens artikel 22(1)(a) van genoemde Ordonnansie die plase Evare 265 en Meyerville 825, albei geleë in die distrik Gobabis en onderskeidelik 3545, 5755 en 6521, 5068 hektaar groot, tot private wildtuin met die naam Private Wildtuin Oroana verklaar het.

## DEPARTMENT OF ECONOMIC AFFAIRS

No. 143 1987

### PRICE CONTROL: MAXIMUM PRICES OF FRESH FULL CREAM MILK: AMENDMENT OF

Under the powers vested in me by section 4 of the Price Control Act, 1964 (Act 25 of 1964), I hereby amend Government Notice AG. 102 of 1984 by the substitution in the Schedule for the amounts "86c", "47c", "28c", "91c", "49c" and "30c" of the amounts "93c", "51c", "30c", "98c", "53c" and "32c", respectively.

G.J.F. Gous

Price Controller Windoek 20 August 1987

## DEPARTEMENT VAN EKONOMIESE SAKE

No. 143 1987

### PRYSBEHEER: MAKSIMUMPRYSE VAN VARS VOLROOMMELK: WYSIGING VAN

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 4 van die Wet op Prysbeheer, 1964 (Wet 25 van 1964), wysig ek hierby Goewermentskennisgewing AG. 102 van 1984 deur in die Bylae die bedrae "86c", "47c", "28c", "91c", "49c" en "30c" deur, onderskeidelik, die bedrae "93c", "51c", "30c", "98c", "53c" en "32c" te vervang.

G.J.F. Gous

Pryskontroleur Windhoek 20 Augustus 1987

## DEPARTMENT OF AGRICULTURE AND NATURE CONSERVATION

No. 144 1987

### AGRONOMIC INDUSTRY PROCLAMATION, 1985 : AMENDMENT OF A GENERAL LEVY ON CERTAIN CATEGORIES OF SEEDS OF THE AGRONOMIC CROPS WHEAT, MAIZE AND SUNFLOWERS, AND ON CERTAIN PRODUCTS THEREOF

## DEPARTEMENT VAN LANDBOU EN NATUURBEWARING

No. 144 1987

### PROKLAMASIE OP DIE AKKERBOUBEDRYF, 1985: WYSIGING VAN 'N ALGEMENE HEFFING OP SEKERE KATEGORIË SADE VAN DIE AKKERBOUGEWASSE KORING, MIELIES EN SONNEBLOMME, EN OP SEKERE PRODUKTE DAARVAN

Under section 18 of the Agronomic Industry Proclamation, 1985 (Proclamation AG. 11 of 1985), I hereby amend, on recommendation of the South West African Agronomic Board, with effect from 1 September 1987, the Schedule to Government Notice 56 of 1986 further by the substitution -

(a) in paragraphs 3(a), 3(b) and 3(c) for the expression "1,2%" of the expression "2,6%";

(b) in pragraphs 3(d) and 3(e) for the amount "R1,65" of the amount "R1,90"; and

(c) in paragraph 3(f) for the amount "R9,65" of the amount "R11,10".

J.M. DE WET

Minister of Agriculture, Water Affairs and Sea Fisheries — Windhoek, 24 August 1987

---

Kragtens artikel 18 van die Proklamasie op die Akkerboubedryf, 1985 (Proklamasie AG. 11 van 1985), en op aanbeveling van die Suidwes-Afrikaanse Akkerbouraad, wysig ek hierby, met ingang van 1 September 1987 die Bylae by Goewermentskennisgewing 56 van 1986 verder deur-

(a) in paragrawe 3(a), 3(b) en 3(c) die uitdrukking "1,2%" deur die uitdrukking "2,6%" te vervang.;

(b) in paragrawe 3(d) en 3(e) die bedrag "R1,65" deur die bedrag "R1,90" te vervang; en

(c) in paragraaf 3(f) die bedrag "R9,65" deur die bedrag "R11,10" te vervang.

J.M. DE WET

Minister van Landbou, Waterwese en Seevisserye — Windhoek, 24 Augustus 1987

---

# General Notices

No. 184 1987

## MUNICIPALITY OF KARASBURG: AMENDMENT OF LOCATION REGULATIONS

The council of the Municipality of Karasburg has under section 32(2) of the Natives (Urban-Areas) Proclamation, 1951 (Proclamation 56 of 1951), further amended the regulations promulgated under Government Notice 25 of 1949, as set out in the Schedule.

The said amendments have been approved by the Minister of Local Government and Civic Affairs under section 32(4) of the said Natives (Urban-Areas) Proclamation, 1951.

# Algemene Kennisgewings

No. 184 1987

## MUNISIPALITEIT KARASBURG: WYSIGING VAN LOKASIEREGULASIES

Die raad van die Munisipaliteit Karasburg het kragtens artikel 32(2) van die Proklamasie op Inboorlinge in Stedelike Gebiede 1951 (Proklamasie 56 van 1951) die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 25 van 1949, verder gewysig soos in die Bylae uiteengesit.

Genoemde wysigings is deur die Minister van Plaaslike Owerhede en Burgersake goedgekeur kragtens artikel 32(4) van genoemde Proklamasie op Inboorlinge in Stedelike Gebiede 1951.

SCHEDULE

Regulation 16 is hereby amended-

(i) by the substitution in paragraph (e) for the amount "R2,00" of the amount "R3,00"; and

(ii) by the subtitution in paragraph (f) for the amount "R2,00" of the amount "R4,00".

BYLAE

Regulasies 16 word hierby gewysig-

(i) deur in item (e) die bedrag "R2,00" deur die bedrag "R3,00" te vervang; en

(ii) deur in item (f) die bedrag "R2,00" deur die bedrag "R4,00" te vervang.

---

No. 185 1987

MUNICIPALITY OF KARASBURG: AMENDMENT OF WATER SUPPLY REGULATIONS

The council of the Municipality of Karasburg has under section 242 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963), further amended the regulations promulgated under Government Notice 94 of 1940, by the substitution in item 1 of Schedule "B" for the amount "R8,00" of the amount "R9,00".

The said amendment has been approved by the Minister of Local Government and Civic Affairs under section 243 of the said Municipal Ordinance, 1963.

No. 185 1987

MUNISIPALITEIT KARASBURG: WYSIGING VAN REGULASIES BETREFFENDE DIE LEWERING VAN WATER

Die raad van die Munisipaliteit Karasburg het kragtens artikel 242 van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 94 van 1940, verder gewysig deur in item 1 van Bylae "B" die bedrag "R8,00" deur die bedrag "R9,00" te vervang.

Genoemde wysiging is deur die Minister van Plaaslike Owerhede en Burgersake goedgekeur kragtens artikel 243 van genoemde Munisipale Ordonnansie 1963.

---

No. 186 1987

MUNICIPALITY OF KEETMANSHOOP: AMENDMENT OF THE REGULATIONS FOR THE SUPPLY OF ELECTRICITY

The council of the Municipality of Keetmanshoop has under Section 244(5) of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963), further amended the regulations promulgated under Government Notice 109 of 1957, and applied to the said Municipality by Government Notice 144 of 1958, by the substitution in the tariffs under Appendix D for the amount "R0,10", wherever it appears, of the amount "R0,11".

No. 186 1987

MUNISIPALITEIT KEETMANSHOOP: WYSIGING VAN DIE REGULASIES OP ELEKTRISITEITSVERSKAFFING

Die raad van die Munisipaliteit Keetmanshoop het kragtens artikel 244(5) van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 109 van 1957, en van toepassing gemaak op genoemde Munisipaliteit by Goewermentskennisgewing 144 van 1958, verder gewysig deur in die tariewe onder Byvoegsel D die bedrag "R0,10", oral waar dit voorkom, deur die bedrag "R0,11" te vervang.

The said amendment has been approved by the Minister of Local Government and Civic Affairs under Section 243 of the said Municipal Ordinance, 1963.

Genoemde wysiging is deur die Minister van Plaaslike Owerhede en Burgersake goedgekeur kragtens artikel 243 van genoemde Ordonnansie 1963.

---

No. 187 1987

MUNICIPALITY OF OKAHANDJA: AMENDMENT OF NATIVE LOCATION REGULATIONS

The council of the Municipality of Okahandja has under section 32(2) of the Natives (Urban Areas) Proclamation, 1951, (Proclamation 56 of 1951), further amended the regulations promulgated under Government Notice 201 of 1967, as set out in the Schedule.

The said amendments have been approved by the Minister of Local Government and Civic Affairs under section 32(4) of the said Natives (Urban Areas) Proclamation, 1951.

SCHEDULE

Schedule V is hereby amended-

(a) by the substitution in subitem 2 (a) of item 1 for the amount "R4,00" of the amount "R4,50";

(b) by the substitution in subitem 2(b) of item 1 for the amount "R5,50" of the amount "R6,10";

(c) by the substitution in item 3(b) for the amount "R145,00" of the amount "R160,00";

(d) by the substitution in item 7(a) for the amount "R2,00" of the amount "R5,00";

(e) by the substitution in item 7(b) for the amount "R1,00" of the amount "R2,00"; and

(f) by the substitution in item 9 for the amount "R0,60" of the amount "R0,80".

No. 187 1987

MUNISIPALITEIT OKAHANDJA: WYSIGING VAN INBOORLINGLOKASIEREGULASIES

Die raad van die Munisipaliteit Okahandja het kragtens artikel 32(2) van die Proklamasie op Inboorlinge in Stedelike Gebiede 1951 (Proklamasie 56 van 1951) die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 201 van 1967, verder gewysig soos in die Bylae uiteengesit.

Genoemde wysigings is deur die Minister van Plaaslike Owerhede en Burgersake goedgekeur kragtens artikel 32(4) van genoemde Proklamasie op Inboorlinge in Stedelike Gebiede 1951.

BYLAE

Bylae V word hierby gewysig-

(a) deur in subitem 2(a) van item 1 die bedrag "R4,00" deur die bedrag "R4,50" te vervang;

(b) deur in subitem 2(b) van item 1 die bedrag "R5,50" deur die bedrag "R6,10" te vervang;

(c) deur in item 3(b) die bedrag "R145,00" deur die bedrag "R160,00" te vervang;

(d) deur in item 7(a) die bedrag "R2,00" deur die bedrag "R5,00" te vervang;

(e) deur in item 7(b) die bedrag "R1,00" deur die bedrag "R2,00" te vervang; en

(f) deur in item 9 die bedrag "R0,60" deur die bedrag "R0,80" te vervang.

---

No. 188 1987

## MUNICIPALITY OF WINDHOEK: AMENDMENT OF SWIMMING BATH REGULATIONS

The council of the Municipality of Windhoek has under section 242 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963), further amended the regulations promulgated under Government Notice 63 of 1959, as set out in the Schedule.

The said amendment has been approved by he Minister of Local Government and Civic Affairs under section 243 of the said Municipal Ordinance, 1963.

### SCHEDULE

Part B of the Schedule of Fees is hereby amended by the addition of the following subparagraph after subparagraph (b):

"(c) Organised groups of handicapped persons under the care and supervision of a registered welfare organisation .... Free."

---

No. 188 1987

## MUNISIPALITEIT WINDHOEK: WYSIGING VAN SEMBADREGULASIES

Die raad van die Munisipaliteit Windhoek het kragtens artikel 242 van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 63 van 1959, verder gewysig soos in die Bylae uiteengesit.

Genoemde wysiging is deur die Minister van Plaaslike Owerhede en Burgersake goedgekeur kragtens artikel 243 van genoemde Munisipale Ordonnansie 1963.

### BYLAE

Deel B van die Heffingskedule word hierby gewysig deur die volgende subparagraaf na subparagraaf (b) in te voeg:

"(c) Georganiseerde groepe gestremde persone onder beskerming en toesig van 'n geregistreerde welsynorganisasie .......gratis".

---

Printed and obtainable from
JOHN MEINERT (PTY) LTD.
P.O. Box 56, Windhoek
South West Africa

Gedruk deur en verkrygbaar by
JOHN MEINERT (EDMS) BPK.
Posbus 56, Windhoek
Suidwes-Afrika